

’n Nederlandse vrywilliger by die Boere op kommando, 1899-1902: Hendrik ver Loren van Themaat en die Afrikaner*

FRANSJOHAN PRETORIUS

1. Vreemdeling vrywilligers

Sowat 2 000 vreemdeling-vrywilligers, die meeste van hulle Nederlanders en Duitsers, het by die Boermagte aangesluit in hul stryd van 1899 tot 1902 teen Brittanje. Baie van hulle was reeds voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) woonagtig. Ander het hulle na die oorlogstoneel in Suid-Afrika gehaas vanweë hulle pro-Boer of anti-Britse sentimente of albei, of omdat hulle gewoon op soek na avontuur was wat hulle in ‘n gevestigde Europa nie kon vind nie.

Een Nederlander, Hendrik ver Loren van Themaat, was séker waarom hy as vrywilliger by die Boere na Suid-Afrika kom. Wanneer die diplomatieke geskil tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek op die spits gedryf word en die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober uitbreek, besluit hy om na Afrika te gaan. Hy verduidelik: “...mijn hart brandde van haat tegen den laster, de schijnheiligeit, het aanmatigend gezwets van het rapaille [gepeupel], dat aan de overzijde van de Noordzee den baas speelde en mijn hart zwol bij de gedachte aan dat taaie boerenvolk, dat voortdurend verder voortdringend in de wildernis, plek na plek veroverde voor onzen Hollandschen stam.” (voetnoot H. ver Loren van Themaat, *Twee jaren in den Boerenoorlog* (Haarlem, 1903), pp. 1-2. Hierna *Twee jaren*.)

In hierdie gevoelsuiting verwerdig Ver Loren van Themaat hom nie eens om die Brit by naam te noem nie. Maar daar is ook ‘n praktiese rede vir sy koms: hy het voor die uitbreek van die oorlog afgestudeer in die regte aan die Rijksuniversiteit van Leiden, en, hoewel meester in die regte, is hy sonder werk. Ver Loren van Themaat wil gaan

-
- Voordrag gelewer by die konferense van Nederlandse en Suid-Afrikaanse historici in Wassenaar, Nederland, 4-6 Julie 2000, en as Genl. J.B.M. Herzoggedenklesing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria, 4 Oktober 2000.
 - Fransjohan Pretorius (pretoriu@libarts.up.ac.za) is professor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 1998 die Stalsprys vir Historiese Studies van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. In 2000 was sy *Life on commando during the Anglo-Boer War 1899-1902* naaswenner van die *Sunday Times* Alan Paton Award.

help, al is dit dan met administratiewe werk in die plek van ‘n Boer wat op kommando wil gaan.¹



Illustrasie 1. *Hendrik ver Loren van Themaat in 1904.*

2. Lewensloop

Hendrik ver Loren van Themaat is op 27 Januarie 1874 te Hoorn, Noord-Holland, gebore as die oudste van agt kinders van Joan Philip ver Loren van Themaat en Hester Geertruid née Kronenberg. Sy vader stam uit ‘n regsfamilie en was self regter in Zutphen, Gelderland, waar die jong Hendrik (ook genoem Hein) sy middelbare skoolopleiding aan die Gimnasium ontvang.²

Die Nederlanders is deur die bank pro-Boer - is dit al in toenemende getalle sedert 1881 toe hulle stamgenote van Transvaal met hul oorwinning by Amajuba die Britse anneksasie van 1877 ongedaan gemaak het. Hiervan getuig die stigting van die

-
1. H. VER LOREN VAN THEMAAT, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, (Haarlem, H. D. Tjeenk Willink en Zoon, 1903), pp. 1-2.
 2. Biografiese besonderhede verkry van mnr. Hendrik ver Loren van Themaat, Hoewe 123, Swavelpoort, Pretoria. Hierna: Biografiese besonderhede; *Nederland's Patriciaat*, 42ste jaargang, 1956, p. 346.

Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging in Mei 1881. In Afrika wys hulle stamgenote die weg aan na die herryenis van die glorietydperk van die Nederlanders. Die Jameson-inval van 1896 plaas die Afrikaner opnuut in die belangstellingsfeer van die Nederlander.³

Sy susters het later vertel hoe Ver Loren van Themaat in 1881, d.w.s op sewearige leeftyd, op ‘n hoogtetjie gestaan het en sy susters as “die Engelse” die hoogtetjie moes aanval wat hy dan as oorwinnende Boer verdedig het.⁴ Sy kinderlike geesdrif het die sakie terloops ietwat verkeerd gehad, want by Amajuba was dit die Britte wat bo-op die berg was en die Boere wat van onder af gestorm het.

By Ver Loren van Themaat se omswerwinge op die oorlogstoneel kom ons straks, want ons wil eers sy lewensloop volg. Einde April 1902 - ‘n maand voor die Vrede - is hy terug in Nederland. Vroeg in 1904 word hy burgemeester van Baflo, Groningen, en tree op 7 April van dieselfde jaar met jonkvrou Antonia Catharina Laman Trip, wat uit ‘n adellike regsfamilie stam, in die huwelik. In 1910 word hy burgemeester van Velsen, Noord-Holland, waar hulle drie kinders gebore word: Joan Philip in 1913, Reep die volgende jaar en Cornelia Mathilde in 1916.⁵ Nadat hy aan die Universiteit van Wisconsin in die Verenigde State van Amerika navorsing gedoen het, promoveer Ver Loren van Themaat in 1912 in die regte aan die Rijksuniversiteit van Leiden met ‘n proefskrif getiteld “Een studie over het grondbezit in de Vereenigde Staten van Noord-Amerika.”⁶

Sy idealisme oor sy Afrikanerstamgenote veroorsaak dat Ver Loren van Themaat in 1920 na Suid-Afrika immigrer. Saam met dr H.D.J. Bodenstein en W.M.R. Malherbe bou hy die Regsfakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch uit. Sy doseerplig is Staats- en Volkereg en deur sy toedoen ontwikkel dié vakgebied tot ‘n belangrike studierigting aan die Universiteit.⁷ Sy seun Joan sou aan die Universiteit van Pretoria in sy voetspore volg en algemeen beskou word as die vader van die Staats- en Volkereg in Suid-Afrika.

Tot ‘n merkwaardige tagtigjarige ouderdom was Ver Loren van Themaat dosent op Stellenbosch waar hy oor die jare ‘n entoestasiiese bergklimmer en lid van die skaakklub was. Op 22 Oktober 1966 is hy ná ‘n kort siekbed in die dorp oorlede.⁸

-
3. G.J. SCHUTTE, *Nederland en de Afrikaners: Adhesie en aversie*, (T.Wever, Franeker, 1986), hoofstukke I en II.
 4. Biografiese besonderhede.
 5. Biografiese besonderhede; *Nederland's patriciaat*, 42ste jaargang, 1956, p. 346; Huwelijks-inzegening van Mr. Hendrik Ver Loren van Themaat, Burgemeester van Baflo, en Jonkvr. Antonia Catharina Laman Trip, 7 April 1904 in de Kloosterkerk te ‘s Gravenhage; Benoeming deur koningin Wilhelmina van Hendrik Ver Loren van Themaat tot burgemeester van Velsen met ingang 22 Junie 1910, Het Loo, 9 Junie 1910. Afskrif in besit van mnr. Hendrik Ver Loren van Themaat, Pretoria.
 6. Eksemplaar in besit van sy kleinseun, mnr Hendrik ver Loren van Themaat, Pretoria.
 7. Biografiese besonderhede.
 8. *Ibid.; Ymuider Courant*, 26 Oktober 1966, “H. Ver Loren van Themaat - oud-burgemeester Velsen - in Z.-Afrika overleden”.

3. Omswerwinge in die Anglo-Boereoorlog⁹

Ver Loren van Themaat se omswerwinge tydens die Anglo-Boereoorlog het hom op ver paaie gelei. Gewapen met ‘n perskaart van wat hy noem “de Rotterdammer”¹⁰ (waarskynlik *de Nieuwe Rotterdamsche Courant*), vertrek hy op 9 November 1899 vanuit Napels aan boord van ‘n Duitse boot wat *via* die Suezkanaal op 6 Desember in Delagoabaai (Lourenço Marques – vandag Maputo) arriveer. Twee dae later is Ver Loren van Themaat in Pretoria.

Aanvanklik werk hy op versoek van dr. M.S. Lingbeek by die hoofkantoor van die Transvaalsche Roode Kruis, maar die vervelige werk laat hom hunker om op kommando te gaan. Einde Desember kom sy geleentheid. Hy kry van die Transvaalse regering ‘n Martini-Henry, bandelier en perd (“een oud karrepaard”), en lê die eed as burger af. Betekenisvol skryf hy van sy treinrit na die Natalse front: “Welk een eigenaardige gewaarwording, als we rustig in het vijandelike land afdalen, terwijl aan onze rechterhand de Majoeba zich verheft.” Sou sy kinderspel met sy susters by hom opgekom het?

Vir eers is Ver Loren van Themaat nie in die gevegslinie nie. Sy plig is by die kommissariaat wat voorrade aan die kommando’s verskaf – eers by Elandslaagte en dan aan die Tugela by Colenso. Dit geluk hom om van hierdie vervelige werk te ontsnap wanneer ‘n studentemaat, dr. Aart Jurriaanse, hom kort voor die slag van Spioenkop (wat op 24 Januarie 1900 plaasvind) versoek om sy ambulans na die Suid-Vrystaat te vergesel.

Teen einde Februarie verruil Ver Loren van Themaat eindelik sy hulpdienst vir kommandodiens en sluit by ‘n groepie Hollanders aan wat in die Suid-Vrystaat onder kmdt. Hertzog (‘n broer van die latere genl. Barry Hertzog) resorteer. Die kommandant voorsien hom van ‘n Lee-Metford waarvan die magasyn nie meer goed werk nie en ‘n bandelier. Wanneer die suidelike front in Maart verbrokkel en Bloemfontein op die 13de deur lord Roberts beset word, val Ver Loren van Themaat se kommando *via* Fauresmith en Petrusburg na Smaldeel (vandag Theunissen) terug. Op Fauresmith kry hy ‘n Mauser van ‘n burger wat nie langer wil veg nie – ‘n goeie geweer wat hy tot sy vertrek na Nederland behou. Hy wys die geleentheid van die hand om deel van die te stigte Vreemdeling Vrywilligerkorps onder kol. Georges de Villebois Mareuil te word, omdat hy nie lus vir onderlinge struwelinge is nie en hy die Boere goed wil leer ken. So sluit hy hom einde Maart wes van Brandfort by die Heidelbergers onder kmdt. J.D. Weilbach aan, en leer “voor het eerst... hier eigenlijk het rechte kommandoleven” ken.

Ver Loren van Themaat is deel van die mag wat Roberts se opmars uit Bloemfontein vroeg in Mei probeer stuit, maar omdat sy perd te swak is, bevind hy hom spoedig onder die voorste retirerende voetgangers. Hulle val op 21 Mei deur Vereeniging terug en hy bereik Pretoria nege dae later, waar hy ‘n perd koop. Begin Junie sluit hy in Middelburg, Oos-Transvaal, by kapt. Danie Theron se TVK (Theron

9. Die inligting onder hierdie hoof is van *Twee jaren* afkomstig.

10. H. VER LOREN VAN THEMAAT, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 40.

Verkenningskorps) aan wat ‘n mengsel van flinke Boerseuns, Zarps-lede (ZAR Polisie), en dapper en geesdriftige vreemdeling-vrywilligers bevat.

Op 6 Junie vertrek die korps van ongeveer 200 man via Villiers en Frankfort na Lindley in die Vrystaat om genl. Christiaan de Wet by te staan. Die Vrystaters val terug na Bethlehem en dan suidwaarts na die Brandwaterkom, vanwaar De Wet en pres. M.T. Steyn met die regeringslede en 2 000 man, waar onder die TVK, op 15 Julie ontsnap, agtervolg deur talle Britse kolonnes. Dit is die sogenaamde eerste dryfjag op De Wet wat tot middel Augustus duur en waartydens die Generaal oor die Vaalrivier tot noord van die Magaliesberg gedryf word. Voor die Magalies draai die TVK weg om uit te rus, maar dan kom die groot terugslag wanneer Theron op 5 September aan die Gatsrand sneuwel. Die korps, waarby Ver Loren van Themaat hom steeeds bevind, gaan onder Jan Theron voort en in Oktober veg hulle weer saam met De Wet by Frederikstad en word op 6 November saam met hom naby Bothaville deur die Britte oorval, maar kom gelukkig uit.

Hoewel kennelik deeglik aanvaar in die TVK vanweë sy plesierge en positiewe geaardheid, is Ver Loren van Themaat meestal nie een van die klein groepie wat uitgesoek word om die gevaaarlike werk te doen nie. Soms is dit ook vanweë die swakheid van sy perd dat daar nie op sy nommer gedruk word nie.

Teen November 1900 voel Ver Loren van Themaat hom tuis in die lewe op kommando. Hy verduidelik:

Ondanks al ons gemopper en geklaag houden we van dit rondgerij over het vrije, open veld, van dit leven bij den dag, waarin men het verleden spoedig vergeet en om de toekomst zich niet bekommert; ‘s avonds moe, maar ‘s morgens frisch, opgewekt als er goede kost is, gehard tegen vermoeienis, gelaten bij tegenslag. Elken dag brengt zijn werk mee; is dit gedaan, dan kan men doen wat men wil, al is het luieren op zijn rug in het gras – zoo is ons leven. (p. 216. Verloren van Themaat)

Die TVK neem einde November saam met De Wet aan die beleg van Dewetsdorp deel, en is ook in Desember en weer in Februarie 1901 saam met hom in sy eerste en tweede poging om die Kaapkolonie binne te val. Dit staan ook as die tweede en derde dryfjag op De Wet bekend.

Die gemis aan dissipline in die TVK sedert die dood van Danie Theron staan Ver Loren van Themaat nie aan nie, en in Februarie 1901 voeg hy hom by kapt. Andries Wessels se verkenningskorps. Op 22 Februarie praat hy met ‘n Hollander, lt. Gerrit Boldingh, vir die eerste keer van terugkeer na sy vaderland. Daarby kom die vraag met watter roete dit die veiligste sou wees. Van nou af woel die gedagte by hom as hy met die Ficksburgers na Brandfort terugkeer, veral wanneer daar in Maart sterk gerugte van vrede loop. Dit is natuurlik na aanleiding van genl. Louis Botha se samesprekings met lord Kitchener by Middelburg. Middel April is Ver Loren van Themaat by Ermelo, maar word afgeraai om deur Swaziland te gaan. Die gedagte aan die roete deur Duits Suidwes-Afrika vat by hom pos, maar hy vertoef die winter van 1901 eers by kapt. Wessels se korps by Fouriesburg in die Brandwaterkom.

Op 22 September vertrek Ver Loren van Themaat vanaf Fouriesburg. Vyf dae later bespreek hy naby Lindley sy reisplan met De Wet. Die Generaal gee aan hom ‘n skrywe waarin hy hom opdra om “als zijn mondstuk” in Europa die stand van sake te rapporteer. Wanneer hy Hoopstad in die Noordwes-Vrystaat op 20 Oktober verlaat, oorhandig hy sy geliefde Mauser aan die landdros vir bewaring. Hy sou dit egter nooit weer terugkry nie.

Van Bloemhof en kmdt. Tollie de Beer neem sy pad hom *via* genl. J.A. van Zyl aan die Kimberley-Bulawayo-spoorlyn na genl. P.J. de Villiers suid van Postmasburg, waar hy op vk. De Klerk wag om hom verder te begelei. Eers op 23 Desember vertrek hulle en wel in ‘n suidelike rigting, gaan die Oranjerivier (Grootrivier) vyf dae later by Boegoeberg deur, volg die rivier stroomaf en arriveer op 1 Januarie 1902 by Arbeidskolonie (Kakamas). Hier skei De Klerk en Ver Loren van Themaat se paaie. Op 9 Januarie steek Ver Loren van Themaat veilig die grens na Duits Suidwes-Afrika by Schuitdrift oor. Agt dae later verkoop hy sy perd op Warmbad en reis per ossewa noordwaarts oor die Karasberge. Vanaf Keetmanshoop is die reis per poskoets oor Rehoboth. Op 26 Februarie is hy in Windhoek, op 3 Maart in Swakopmund aan die weskus en gaan hy op 25 Maart aan boord die *Alina*. Op 29 April stoom die boot die Elberivier op na Hamburg. Eenvoudig eindig die reisverhaal: “...den 30sten [april] betreed ik mijn ouderlijk huis, waar ik allen gelukkig weer terug vind, zooals ik hen verlaten heb.”

4. Herinneringe

Ver Loren van Themaat het uit die staanspoor dagboek gehou. Op 10 en 11 Maart 1901 skryf hy dit in die Oos-Vrystaat op “fatsoenlijk papier” oor.¹¹ Terug in Nederland voel hy dat hy sy dagboek in gewysigde vorm wil publiseer, en dit verskyn inderdaad in 1903 by H.D. Tjeenk Willink & Zoon in Haarlem.

In sy voorwoord stel Ver Loren van Themaat dit duidelik dat sy herinneringe die persoonlike indrukke van ‘n gewone kryger is en dat hy nie met die planne van die Boereleiers bekend was nie. Baie het hom duidelik geword met die lees van genl. De Wet en ds. J.D. Kestell se gepubliseerde herinneringe.¹² Oor die algemeen gesproke slaag hy in sy verklaarde doel:

Naar nauwkeurigheid heb ik gestreefd. De fout, door uitlanders zoo dikwijls begaan, om zich zelf boven en niet in het leven, dat zij beschrijven, te plaatsen, hoop ik vermeden te hebben. (p. Ongernommerde bladsy Voorwoord)

Dit is hierdie werk wat die leser in staat stel om Ver Loren van Themaat se ervaringe van die Anglo-Boereoorlog te bestudeer, maar ook sy siening van die Afrikaner van nader te bekyk. Dit is juis laasgenoemde siening waarop ek wil ingaan, en meer spesifiek op enkele geestelike aspekte. Maar steeds moet ons in gedagte hou dat Ver Loren van Themaat se pro-Boer-gevoel sy denkrigting oorheers. Hy verswyg nie die

11. *Ibid.*, p. 301.

12. Hy verwys na C.R. DE WET, *De strijd tusschen Boer en Brit* (Höveker en Wormser, Amsterdam, 1902) en J.D. KESTELL, *Met de Boeren-commando's* (Höveker en Wormser, Amsterdam, 1902).

negatiewe karaktertrekke van die Boere nie, maar skryf byna goedkeurend oor hulle positiewe eienskappe, beskou dit as die bepalende faktore in die stryd en sien daarin hoop vir die toekoms van die Hollandse stam.

5. Beskouing oor die Boereleiers

Slegs enkele kere spreek Ver Loren van Themaat hom negatief uit oor Boere-offisiere. Een so ‘n figuur is kmdt. Maree van Kroonstad,¹³ oor wie daar weinig bekend is. Oor die groot waarde van die Boereleiers laat hy hom egter duidelik en dikwels uit. Hy bewonder hulle takt, insig, kragtige leierskap en vermoë om die Boere met hulle saam te neem. Dit is nie net Steyn, De Wet en Danie Theron wat in sy oë guns vind nie – ook van onder meer genls. Philip Botha van Vrede en Stoffel Badenhorst van Boshof, kmdt. Sarel Haasbroek van Winburg en korporaal Tienie Pretorius het hy ‘n hoë dunk.

Maar hy besef met watter groot takt die leiers te werk moet gaan om die Boere te kry waar hulle hulle wil hê, al staan hulle vrywel magteloos teen ongehoorsaamheid en onwil. Dit word geïllustreer deur ‘n incident teen die einde van Januarie 1900 toe hy ‘n warse burger by Newcastle teëkom wat eenvoudig verlof neem sonder toestemming van sy veldkornet. “Kruger is wel die president”, mor die kêrel, “maar die volk is koning. Ik laat mij niet kommandeer nie door een veldkornet.”¹⁴

Menigmaal ervaar Ver Loren van Themaat hoe goeie leiers vertroue by die Boere wek. In Julie 1900 word Theron se korps saam met die Vrystaters in die Brandwaterkom vasgekeer. “Beangstigt ons dit alles niet?” vra hy en antwoord self: “neen, want wij hebben vertrouwen in onze leiders. Al mag ons geen duidelijk beeld van de toekomst voor oogen staan, al schijnt de weg donker, we blijven vertrouwen op het beleid van De Wet en bovenal op de onwrikbare standvastigheid, de stalen wilskracht, die moeite en gevaren tart, van onzen kaptein.” Hoeveel, vra hy, het die leier nie bereik nie, wat weet hoe om vertroue by sy burgers te wek, maar hoeveel gawes is hiervoor nie nodig nie? Wat ‘n lewe van toewyding, van selfbeheersing, van inspanning en taaie volharding moet eers voorafgaan voor hy die vertroue van die burgers kan wen?¹⁵

Dit val Ver Loren van Themaat op dat dit die “flinke mannen” is wat die invloed by die burgers het, dat na die ander nouliks geluister word. In Oktober 1901 staan die slechte en moedeloze gees onder die burgers by die genoemde kmdt. Maree wes van die Bloemfontein-Pretoriaspoorlyn vir Ver Loren van Themaat sterk in kontras “met den bezielenden invloed van de fluksche voormannen oostelijk van de spoor.” ‘n Paar dae later bevind hy die gees onder die burgers naby Hoopstad flink, “dank zij het doortastend optreden van genl. Badenhorst en de kommandanten die onder hem staan.”¹⁶

Ver Loren van Themaat is beïndruk met die nederige inslag by die Boereleiers in die algemeen. Meer spesifiek verwys hy na Steyn en De Wet. Van Steyn skryf hy:

13. H. VER LOREN VAN THEMAAT, *Twee jaren in den Boeroenoorlog*, pp. 333-334.

14. *Twee jaren*, pp. 17-18.

15. *Twee jaren*, p. 136.

16. *Twee jaren*, pp. 273, 334 en 336.

Een vroom man is de president, een heldenfiguur van onze eeuw, een vader des vaderlands, zooals onze Willem de Zwijger. Niet als anderen haakt hij naar luister, eer of roem. Een trotsch heerscher is hij niet, wien andermans licht de oogen verblindt. Hij is meer dan dit – een rustig, betrouwbaar man, die kan zwijgen en afwachten, tot het oogenblik van handelen gekomen is; hij is de echte demokraat, wiens doel het niet is anderen aan zich te onderwerpen, doch die als een rots staat in het gevaar, allen tot steun; wien regeeren een plicht is door God opgelegd.¹⁷

Bewonderenswaardig is De Wet wanneer hy by ‘n plaashuis die perfekte rol van die beleefde en beskeie gas speel en vir ander jong kêrels ‘n voorbeeld van goeie maniere gee, maak nie saak of die gasheer ryk of arm is nie. En wanneer Ver Loren van Themaat saam met De Wet eet, val dit hom op dat die Generaal nie beter leef dan ‘n ander burger nie, hy verlang geen beter huisvesting, geen lekkerder kos, geen fraaier klere nie – kortom, “hij wil niet meer zijn dan een ander.” Die leiers, verklaar Ver Loren van Themaat, “voelen zich Gods diensknechten, en zullen zich niet schuldig maken aan hooghartigheid tegenover hun eigen menschen. Welk een onschatbare dienst bewijzen zij hun volk met het hooghouden van beginselen!”¹⁸

Vanweë Ver Loren van Themaat se grenslose bewondering vir Danie Theron moet die leser my vergewe vir die lang aanhaling oor sy gevoel wanneer hy vroeg in September 1900 verneem Theron het gesneuwel:

Hoe onzeker, hoe moeilijk en vol bezwaren lijkt niet de toekomst zonder onzen krachtigen leider. Nooit liet de kaptein zich door tegenspoed ontmoedigen, steeds wist hij wat te doen. Zijn tegenwoordigheid alleen gaf in gevaar zijn mensen kalmte en vertrouwen. Wie zal nu, als hij, door zijn eigen vurige vaderlandsliefde de menschen hun kleine belangen doen vergeten, wie, zooals hij, door zijn rustelozen ijver de stadigen en onverschilligen opwekken? Dappere kerels zijn er bij ons troepje genoeg, maar wie heeft zijn doorzicht en weet steeds, waar men door kan tasten en waar men voorzichtig moet zijn, wat het zwakke punt van den vijand is?... Streng tegenover allen, die hun plicht verzaakten, een schrik voor de verraders van eigen volk, was hij steeds vriendelijk in zijn omgang met grijsaards en arme vrouwen, die verlaten op hun hoeven zaten... Tusschen arm en rijk maakte hij geen verschil en niemand zou hij om zijn armoede uit de hoogte behandelen.”¹⁹

6. Bewondering vir die goeie eienskappe van die Afrikaner

Sterk is Ver Loren van Themaat se bewondering vir die positiewe eienskappe van die Boer – wat hy dikwels afwisselend die Afrikaner noem. Pas in Pretoria aangekom in Desember 1899, val dit hom op hoe waardig die inwoners hulle ná die oorwinnings by Magersfontein en Colenso gedra; nêrens ‘n juigtoon nie, alleen dankbaarheid vir die

17. *Twee jaren*, p. 252.

18. *Twee jaren*, pp. 252 en 325-326.

19. *Twee jaren*, pp. 189-190.

aanvalle wat afgeslaan is, geen luidrugtige geesdrif, slegs kalme berusting.²⁰ Ná die verbrokkeling van die suidelike front in Maart 1900 vertel hy hoe hy op hulle terugtog die flukse Afrikaners eers regtig na waarde leer skat het. Watter uitstekende maats is hulle nie, hoe bereid is hulle nie om steeds te help nie, hoe weet hulle nie om moeilikheid te oorwin nie: “Nooit zijn ze mismoedig of gedrukt of mopperen over wat niet te veranderen valt.” Hulle maak die beste van die oomblik, is altyd opgeruimd en vol grappies. Wanneer hulle moet optree, het hulle ‘n kalme deurtastendheid, ‘n praktiese blik op sake wat vertroue gee.²¹

In April 1900 verklaar Ver Loren van Themaat dat hoe meer hy die Afrikaners leer ken, hoe hoër slaan hy hulle aan:

Welk een helder verstand, welk een berusting, welk een nog gedeeltelijk sluimerende kracht bezit dit volk. Welk een tegenstelling met het gejaagde, onrustige Europeesche leven.²²

Wanneer die burgers in Augustus 1900 die spitsroede moet loop, met die Vaalrivier aan die regterkant en die vurende Britte in die heuwels op die linkerkant, teken hy op:

Werkelijk, men moet bewondering voor de burgers hebben, zoo kalm en verstandig als zij te werk gaan: nergens verwarring of opstopping, die thans zulke noodlottige gevolgen zou hebben.(p. 168.)

Dit, sê hy, is grootliks te danke aan ‘n paar burgers van gesag; ondanks die geskiet reken hulle dis hulle plig om daar te bly staan, en deur krag en kalme optrede die haastiges wat voor die ander wil indruk, terug te hou en die burgers tot kalmte en ordelikheid aan te maan. Ter wille van ander tel hulle eie lewensgevaar nie – ‘n voorbeeld, verklaar Ver Loren van Themaat, van ‘n sterk gemeenskapsin en van ‘n verantwoordelikhedsgevoel, en dis net in ‘n ongedissiplineerde leër wat mens sulke groot karakters sal kry.²³

By meer as een geleentheid bewonder Ver Loren van Themaat die “taaie volharding” van die Afrikaner onder druk, of dit nou is om ossewaens voor ‘n dreigende vloed deur die rivier te kry,²⁴ of tydens De Wet se inval in die Kaapkolonie in Februarie 1901 wanneer die reeds voetganger-Boere met feitlik hulle laaste krag voor die agtervolgende Britse kolonnes voortstrompel: “Met de taaïheid, den Afrikaner eigen, willen zij niet opgeven – de vrijheid hebben ze te lief.”²⁵ Maar dan het hulle reeds twee maande tevore, met De Wet se mislukte poging om die Kaapkolonie binne te val, volgens Ver Loren van Themaat veel geleer; hulle is nou gehard teen probleme en ontberinge, hulle het getoon wat hulle kan doen, hulle het vertroue gekry in hulle voormanne. Gehoorsaamheid het hulle geleer en opoffering van persoonlike belang vir die algemene saak.²⁶

20. *Twee jaren*, p. 12.

21. *Twee jaren*, p. 44.

22. *Twee jaren*, p. 57.

23. *Twee jaren*, p. 168.

24. *Twee jaren*, p. 15.

25. *Twee jaren*, p. 280.

26. *Twee jaren*, p. 245.

Die Afrikaners van die Kaapkolonie is vir Ver Loren van Themaat saam met die Vrystaters en Transvalers deel van één volk, deur die nouste bande van bloed, deur eenheid van taal en eenheid van godsdiens verbonde. Hierdie volkseenheid staan bo alles en steur hom nie aan grense nie. Bo alles verenig hul godsdiens alle Afrikaners. Die kerk is die hegte bolwerk van hulle volksgees.²⁷

Met piëteit beleef Ver Loren van Themaat die godsdienssieninge van die Afrikaner. In April 1900 teken hy aan:

‘s avonds, wanneer de maan haar stil licht over het landschap uitstraalt,
als de lagervuren helder opvlammen onder de donkere boomen en
allerwege het eentonige psalmgezing weerklinkt, wil het me wel eens
voorkomen, of ik in lang vervlogen tijden verplaatst ben, toen Gustaaf
Adolf [in de zeventiende eeuw] met zijn Zweden Duitschland doortrok.²⁸

Soms haal Ver Loren van Themaat aan wat die leiers oor godsdiens verkondig. Met sy eerste Sondag in Transvaal woon hy ‘n diens van ds. H.S. Bosman in die kerk op Kerkplein in Pretoria by. Bosman preek van onderwerping aan Gods wil. Hy sê die Afrikaner het so dikwels gebid dat God die drinkbeker by hulle verby moet laat gaan, maar Hy het anders besluit en nou moet hulle berus en aanvaar: U wil geskied. Die oorlog is niks anders nie as ‘n sware beproeing wat God die Afrikaner opgelê het.²⁹

Uitvoerig haal Ver Loren van Themaat ‘n toespraak van De Wet in Augustus 1901 in Fouriesburg aan waarin sy godsdienssiening sterk na vore tree. Dit is ‘n merkwaardige mengsel van nasionalisme en godsdiens. Vir De Wet beteken uitkoms en verlossing ‘n militêre oorwinning. Hy verklaar: God sal hulle verlos soos Hy wil. Soos in 1881. Met slegs dertien patronen elk het hulle daardie oorlog ingegaan. Die Britse oormag was net so groot as nou. Maar God het uitkoms gegee. Ná 1881 is die volk deur trots van die Christendom vervreem. Natuurlik het hulle rede om trots te wees in die huidige oorlog – daar was immers roemryke oorwinnings. Maar as hulle die oorwinnings aan hulle self toeskryf, sal dit beter wees dat hulle nog lank voor die vyand moet vlug, tot hulle nederig is. God het ongetwyfeld ‘n plan met die Afrikaner. Hulle is gebore uit Franse vlugtelinge, vlugtende vir hulle geloof en vryheid. Hulle was manne soos Abraham, vader van die Israeliete. God sal ‘n volk van sulke manne nie aan die wêrelde prysgee nie. Maar hulle was nog nie ryk om selfstandig te word nie. En daarom moet hulle nog gelouter word soos goud. Hulle moet gevorm word tot ‘n Christen-Afrikanervolk. Ontru aan die volk is sonde. Wie roem en homself verhef, sal nie die krag hê om voltehou nie maar uiteindelik aan Engelse kant teen hulle veg. Hulle moet dus waak en bid om nie in die versoeking te kom nie. Hulle moet getrou wees, gehoorsaam aan die offisiere; so kan hulle getrou wees aan hulle volk. Maar ook die Afrikanervroue het skuld aan die oorlog. Daar moet ook loutering van die vroue wees, anders duur dit nie lank nie of die vroue en meisies loop weer arm in arm met die gehate Engelsman.³⁰

27. *Twee jaren*, pp. 265-266.

28. *Twee jaren*, p. 57.

29. *Twee jaren*, p. 13.

30. *Twee jaren*, pp. 316-318.

7. Tekenning van die swakker eienskappe van die Afrikaner

Ver Loren van Themaat sluit nie sy oë vir die swakker eienskappe van die Afrikaner nie. Hy beskryf dit nogtans met deernis, met begrip. Maar nooit staan dit sentraal in sy beskrywings nie, en maak die positiewe eienskappe wat hy beskryf op daarvoor.

Reeds kort ná sy aankoms in Pretoria tref dit hom hoe weinig die meeste burgers in die stad bereid is om op te offer vir hulle vaderland, hoe klou hulle nog vas aan hulle klein persoonlike belang. Dit is inderdaad hier heeltemal anders as wat hy verwag het. Hy het gedog dat elke jong Transvaler verlangend sou wees om na die front te gaan en sy Mauser ter verdediging van sy vaderland op te neem, maar dit is ver van die werklikheid. Inteendeel, baie is maar te bly om ‘n rede te kan gee waarom hulle hier in Pretoria kan bly rondhang.³¹

Teen einde Februarie 1900 ervaar Ver Loren van Themaat by Gruisrand aan die Oranjerivier dat van die 150 man tot hulle beskikking, hulle op slegs vyftig goeie vegsmense kan reken. Talle Boere “van een minder soort” – bywoners en arm dorpsbewoners van Luckhoff – maar ook vele rykes wat nog weinig gevaar geken het, is duidelik geen helde nie.³² En die algemene gesegde dat elke burger op kommando sy eie generaal is, is ook nie altyd waar nie – daarvan getuig Ver Loren van Themaat verskeie kere wanneer hy vertel hoe goeie leiding op ‘n gegewe moment by hulle ontbreek. Die burgers weet dan nie wat om te doen nie en verlaat dikwels hulle stellings sonder rede en tot groot gevaar van die kommando.³³ Wanneer Ver Loren van Themaat en ‘n jong Boer opdrag kry om ander te gaan aansê om terug te val, laat die kêrel hom sommer in die steek, wat Ver Loren van Themaat laat sug oor die weinige gevoel van verantwoordelikheid wat vele besit.³⁴ En hoewel hy pas in sy dagboek beskryf het hoe die taaiheid van die Afrikaner hom nie tydens De Wet se inval in die Kaapkolonie in Februarie 1901 laat opgee nie, teken hy ook aan hoe De Wet in ‘n stadium byna huilend raas en roep om die vlugtende burgers te laat stelling inneem teen die agtervolgers. Daarmee behaal hy egter nie veel sukses nie.³⁵

Veel begrip toon Ver Loren van Themaat vir diegene wat afvallig van die Boeresaak word. Ná die inname van Bloemfontein ervaar hy talte gevalle waar burgers die wapen neerlê. En tog, vra hy, kan mens ‘n volk hardoordeel waar skielik alle vertroue die mense verlaat het, en skrik en verbystering almal aan die hart gryp, waar, soos op ‘n sinkende skip, slegs die edeler karakters aan iets anders dink as aan selfbehoud, terwyl die ander hulle laat meesleur deur die stroom van gebeurtenisse?³⁶ Hy vertel met deernis van ‘n jong burger, Giel, wat op kommando dikwels groot verlange na huis het en vra dan of hy hom kan kwalik neem dat hy later – toe die Boere nêrens meer wou vasstaan nie en sonder om ‘n skoot te skiet, terugvlug – rustig na sy plaas

31. *Twee jaren*, pp. 11-12.

32. *Twee jaren*, pp. 31-32.

33. *Twee jaren*, p. 183.

34. *Twee jaren*, pp. 256-257.

35. *Twee jaren*, p. 282.

36. *Twee jaren*, p. 42.

teruggekeer het en die wapens afgelê het toe die Engelse kom?³⁷ In November 1901 verklaar Ver Loren van Themaat ronduit:

Nooit zal ik hard oordeelen over allen, die zwak zijn geweest of moedeloos, die op een onzalig oogenblik, moe van de dagelyksche twisten, tegenspoeden en moeilikheden, het bijltje erbij hebben neergelegd.³⁸

8. Oor Afrikaans

Die Afrikaans wat Ver Loren van Themaat as spreektaal in Suid-Afrika aanhoor, boei hom kennelik. In die trein onderweg van Mosambiek na Pretoria hoor hy vir die eerste keer suiwer Afrikaans, maar hy verstaan in hierdie stadium weinig van wat gesê word.³⁹ Wanneer C.W.H. van der Post, verteenwoordiger van die Vrystaatse regering, in Maart 1900 ‘n toespraak in Afrikaans hou, merk Ver Loren van Themaat op: “Hoe eigenaardig, hoe kernachtig is deze taal.”⁴⁰ In die Voorwoord tot sy boek verklaar hy dat hy soveel moontlik die spreekwyse wat in Suid-Afrika gebruiklik is, behou het. Hy doen trouens telkens moeite om Afrikaanse gesprekke of opmerkings net so te probeer opsikryf en in aanhalingsstekens te plaas. Dikwels slaag dit nie, want hy meng sy Afrikaanse poging met Nederlands of hy luister nie fyn genoeg nie. Hy beklemtoon dikwels die dubbele ontkenning (die dubbele “nie”).

‘n Aantal voorbeeld kan gegee word: “... die veldkornet kon hem niet keer nie, hij het toen zoo maar opgezaald en weggerij, ik vecht ‘mers voor die land en niet voor die veldkornet, ik zal die Engelschman skiet, als hij in die land kom, maar ik laat mij niet kommandeer nie’; “net nou bars daar een bom”; “die Hollanders kan ‘mers banje mooi zing”;⁴¹ “Waar kom julle vandaan... Goeien aand...”; “moe nie vlucht nie”; “dat hij nooit die kop zal bestorm nie”; “stadig burgers, moe nie haastig wees nie, daar is glad nie gevaaar nie”; “die Engelschen kom an, daar die overkantsche bulten is al vol van hulle”; “hulle zal net nou kom, hulle wil net nog een rukje skiet”; “jij kan die paard maar hou, maar moe nie afgee nie”; “bij die huis”; “bij die laer”; “kan niet zê nie, tante.”⁴² Selfs ‘n bruinman word aangehaal: “Ik is nou die baas, die sir is weg.”⁴³

9. Betrekkinge tussen Afrikaner en Nederlander

Ten einde Ver Loren van Themaat se belewing van die betrekkinge tussen Afrikaners en Nederlanders op kommando na te gaan, is dit nodig om dit teen die agtergrond te sien van die betrekkinge tussen enersyds die burgers en vreemdeling-vrywilligers op kommando en andersyds Afrikaners en Nederlanders in die voorafgaande twintig jaar.

Die betrekkinge tussen die burgers en die sowat 2 000 buitelandse vrywilligers wat vir die Boeresaak of bloot ter wille van avontuurlus aan Boerekant kom veg het, was oor die algemeen nie goed nie. Van regeringskant is daar voorsiening gemaak dat

37. *Twee jaren*, p. 58.

38. *Twee jaren*, p. 216.

39. *Twee jaren*, p. 10. Sien ook p. 54.

40. *Twee jaren*, p. 35.

41. *Twee jaren*, pp. 18, 25, 41, 46, 48, 56, 123, 146, 161, 244, 260 en 261.

42. *Twee jaren*, p. 260.

buitelandse vrywilligers sonder besoldiging in korpse, soos die Hollanderkorps, die Duitse, die Skandinawiese, die Italiaanse en die Russiese korps, die oorlogspoging van die Boeremagte ondersteun. Individue is by kommando's ingedeel, veral nadat die Hollanderkorps en die Skandinawiese korps by onderskeidelik Elandslaagte en Magersfontein feitlik uitgewis is.⁴³

Die burgers het oor die algemeen slegs minagting vir die buitelandse vrywilligers gehad. Volgens 'n Noorse vrywilliger, Ingvald Schröder-Nielsen, wou die Boere skepties weet watter nut die boekgeleerdheid van die buitelandse vrywilligers het as hulle nie eens kan perdry of skiet of 'n boerdery kan behartig nie – dinge wat die Boere met bedrewenheid hanteer en wat hulle deur alle gevare en moeilikhede gehelp het?⁴⁴ Veral aan die begin het die burgers hulle nie ontferm oor individuele vrywilligers op kommando nie en sonder ervaring van die toestand moes hulle self oor die weg kom.⁴⁵

Dit was veral die Nederlandse vrywilliger wat die minagting en agterdog van die gewone burger moes ervaar. 'n "Hollanderhaat" het trouens reeds voor die Anglo-Boereoorlog van 1880-1881 in die Transvaal bestaan. In sy voortreflike uiteensetting van die redes vir die Hollanderhaat⁴⁶ wys G.J. Schutte daarop dat Afrikaners en Hollanders kultureel veel sterker verskil het as wat geesdriftige Nederlandse stamverwante-ontdekkers oor die algemeen besef het. Die Afrikaner en sy kultuur het in 'n uithoek van die wêrld ontstaan, onder omstandighede wat sterk van die Europese afgewyk het. Die Groot Trek het sy isolasie verder versterk en sy onafhanklikheidsin kragtig laat toeneem. Sy lewensuitkyk was volkome landelik, patriargaal en konserwatief. Sy geïsoleerde, bedreigde bestaan te midde van gekleurde, nie-westerse, nie-christelike volke het onder meer sy aristokratiese meerderwaardigheidsgevoel, sy wantroue teenoor vreemdelinge en sy koppigheid verskerp.

Daarteenoor, reken Schutte, was die Nederlandse immigrant veel eerder 'n stedeling as 'n plattelander. Hy het oor 'n beter skoolopleiding en meer teoretiese wêreldwysheid beskik, maar was geneig om die plaaslike omstandighede in die Transvaal klakkeloos na eie maatstawe en denkbeelde te beoordeel. Beterweterigheid en 'n oordreve meerderwaardigheidsgevoel het hom nie selde nie gekenmerk, maar dit het nie altyd in verhouding tot sy werklike vermoëns gestaan nie. Daar was veel in die Transvaalse samelewing en in die optrede van die Afrikaner wat hom geërger het en hy het beslis nie altyd oor die geduld beskik om die vertroue van die Afrikaners te wen of voldoende insig om goed en kwaad by hulle te onderskei nie.

Die Hollanderhaat wat homself gedurende die Anglo-Boereoorlog geopenbaar het, het waarskynlik van dieselfde twee groepe Boere gekom wat volgens Schutte teen die

43. F. PRETORIUS, *Kommandolewe tydens die Anglo Boereoorlog 1899-1902*, (Human & Rousseau, Kaapstad, 1991, p. 266).

44. C. DE JONG, *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-Oorlog, III*, (Private publikasie , Pretoria, 1987), p. 104.

45. F. PRETORIUS, *Kommandolewe tydens die Anglo Boereoorlog 1899-1902*, p. 267.

46. G.J. SCHUTTE, *Nederland en de Afrikaners: Adhesie en aversie*, p. 117 et seq.


Nederlandse immigrante van die tweede helfte van die 19de eeu gekant was. Hierdie groepe het elk hul eie sosiale en politieke konnotasies gehad. Ten eerste was daar die ou Voortrekkers of hul kinders, sommige takhare, meestal troue ondersteuners van Kruger. Hulle het ten volle besef dat die Hollanders as amptenare en onderwysers onmisbaar was. Hulle het ‘n gevoel van stamverwantskap besit en ‘n sekere waardering gehad vir die simpatie en steun wat die Republiek vroeër, veral tydens die Anglo-Boereoorlog van 1880-1881, ontvang het. Waar was die Kapenaars, het hulle gevra, toe Holland in die jare veertig en vyftig Bybels, predikante en onderwysers gestuur het? Tog was daar huis uit hulle gelede klagtes oor die drinkende, vloekende Hollanders wat so beterweterig was en nie kerk toe gaan nie. Huis hierdie Transvalers het as mense die verste weg van die moderne, verstedelikte Nederlanders gestaan. Huis hulle kon die minste gewoond raak aan die streng amptenaarlike behandeling deur so ‘n jong Hollandertjie wat hulle – die eienaars en heersers van die land – vertel het hoe dit gedoen moet word en wat so duidelik laat merk het dat hy hom ver bo die onontwikkelde, bekrompe Boere verhewe voel.

Vir die meer vooruitstrewende, ietwat liberaler Transvalers het daar volgens Schutte veelal dieselfde sosiale verskille met die Nederlanders gegeld. Minder as die voorgaande groep was hulle egter oortuig van die onmisbaarheid van die Hollanders. Hulle het hulself goed genoeg in staat gevoel om self die staatsampte te beklee en het dan ook geëis dat dit aan die “zonen des lands” gegee moet word. Daarbenewens is Kapenaars feitlik as landgenote gesien; alle Afrikaners was broers, die Vaalrivier was vir hulle geen grens nie. Kruger se selfstandigheidstrewe wat tot Transvaal beperk was en sy daarmee samehangende Hollandse aanstellings het hierdie meer Suid-Afrikaanse as Transvaal-gerigte Afrikaners nie aangestaan nie. Baie van hulle was ook ondersteuners van Piet Joubert, Kruger se politieke teenstander.

Op kommando tree sommige offisiere onverwyld teen enige manifestasie van Hollanderhaat op. In Desember 1899 verhoor kmdt. R. Preller aan die suidelike front ‘n burger onmiddellik nadat ‘n paar Hollanders gekla het dat hy hulle volk beledig het en onder meer laat val het dat hy Engelse haat, “maar die Hollanders als de pest.” Die Kommandant wys hom op sy dwase optrede, omdat hy alle Hollanders beledig het vir die skuld van één, en dan nog ‘n volk wat met hulle simpatiseer en aan wie hulle soveel dank verskuldig is. Daarop vra die burger die klaers om verskoning, gaan haal ‘n fles drank en skink saam met hulle ‘n glasie, waardeur die saak in der minne geskik word.⁴⁷ Henri Slegtkamp, mede-TVK-lid van Ver Loren van Themaat, vermeld ‘n soortgelyke geval toe ‘n Afrikaner van die TVK in Junie 1900 ook beledigende opmerkings oor Hollanders gemaak het. Daarop het die gebelgde Hollanders in die korps onder leiding van Henri Slegtkamp besluit om die korps te verlaat. Danie Theron haal hulle egter oor om te bly. Soos Preller wys hy die skuldige in ‘n skrobering op die Hollanders se bydrae in die oorlog. Die burger is verplig om om verskoning te vra. Omdat hulle voel dat geregtigheid geseëvier het, word hy op

47. A.G. OBERHOLSTER (Red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers* (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1978), Inskrywing 7.12.1899, pp. 41-42.

versoek van die Hollanders van sy straf – vyftien houe met die stiegriem – kwytgeskeld.⁴⁸



Illustrasie 2: *Dat Ver Loren van Themaat voor sy immigrasie na Suid-Afrika dié rigting bevorder het, blyk uit hierdie spotprent wat voor sy vertrek na Suid-Afrika in 1920 geteken is.*

En tog is daar buitelandse vrywilligers, individue in die Boerekommando's, huis soos Ver Loren van Themaat, wat besonder goed met die burgers op kommando oor die weg kom en wat op hulle beurt die welwillendheid van die burgers geniet. Die formule tot hierdie wedersydse hartlike betrekkinge lê veelal in die gesindheid van so 'n buitelaander. Hy moet oor die sensitiwiteit en insig besik om met omsigtigheid en voorkomendheid teenoor die Boere op te tree. Daarby moet hy die geesteskrag besit om te konsentreer op dit wat hy as die positiewe in 'n ander kultuur ervaar en nie toe te laat dat die negatiewe 'n oorheersende rol in die beoordeling van sy omstandighede speel nie. Hy moet waak teen enige sweem van meerderwaardigheid.⁴⁹ Wanneer Ver Loren van Themaat einde Oktober na die dood van 'n beminde Nederlandse rapportryer van pres. Steyn, Schilham, verwys wat 'n eenvoudige, innemende

48. D. MOSTERT, *Slegtkamp van Spioenkop* (Nasionale Pers, Kaapstad, 1935), pp. 87-88.

49. F. PRETORIUS, *Kommandolewe tydens die Anglo Boereoorlog 1899-1902*, pp. 270-271.

persoon, wars van alle grootspraak was, besluit hy: “Menschen als hij hebben den Hollandschen naam eer aangedaan.”⁵⁰

Vir ‘n buitelandse vrywilliger om aanvaar te word, moet hy ook alle bande met sy eie korps verbreek. Hy moet so gou as moontlik ‘n ware Boer word. Dit is ‘n fout om op hul eie te staan en hulle van die Afrikaners af te sonder, verduidelik Steuerwalt in September 1900 aan Ver Loren van Themaat. Volgens hom ontstaan daar vanweë afsondering so maklik onaangename wrywing of openlike botsing, hetsy deur misverstand of wedersydse gebrek aan vertroue, deur teenstrydigheid van belangteken of deur kwaadwilligheid van enkelinge. Daarby kom dat die buitelaender Afrikaans moet aanleer, waardeur kommunikasie vergemaklik en vertroue help skep word en makliker vriende gemaak word. Hy moet ook enige onbeholpenhede in sy mondering as kryger uitstryk en in liggaamlike houding Boer word.⁵¹

Ver Loren van Themaat besef dat dit vir die buitelandse vrywilliger veral belangrik is om hom aan die begin nie deur teleurstellings te laat afskrik nie; meer as elders geld in Suid-Afrika die gesegde: Onbekend maak onbemind. Hoe plesierig kan dit tog nie onder die Boere wees nie, merk hy op, wanneer jy eers hul vertroue en vriendskap gewen het. Spoedig maak jy onder die meer ontwikkeldes goeie maats en is daar voldoende raakpunte om mekaar te leer verstaan en te waardeer. In baie opsigte skiet die buitelaender te kort in sake waarmee ‘n Afrikanerseuntjie reeds goed vertroud is, maar daarenteen bring buitelanders hul meerdere kennis en ontwikkeling uit Europa mee, sodat die wedersydse omgang vir beide partye heilsaam is. Die Afrikaner het plesier daarin om die buitelaender te leer op die gebied waarin hy tuis is. Wanneer die minder ontwikkelde Boer sien dat die buitelaender ‘n vriend is van ‘n medeburger wat hy goed ken en hoog ag, staan hy ook minder gou klaar om die buitelaender uit te lag as hy een of ander onhandigheid begaan. En van die onaangename persone wat hulle onder die Boere bevind, soos onder enige ander volk, het die buitelaender dan geen las meer nie. Ná ‘n tyd word die buitelaender nie meer as vreemdeling beskou nie en deur die Afrikaners as een van hulle gereken, is Ver Loren van Themaat se ervaring.⁵²

10. Die toekoms

Ons het gesien dat Ver Loren van Themaat nie sy oë sluit vir die swakhede van die Afrikaner nie – hy beskryf dit onbeskaamd wanneer hy dit teëkom. Maar omdat hy binne die raamwerk van ‘n pro-Boer-Hollander die lewe op kommando ervaar, is dit die goeie eienskappe van die Boere wat by hom die swaarste weeg, wat hy openlik bewonder en wat kennelik na sy mening leiding en rigting aan die Boere se onafhanklikheidstryd gee.

Oor die toekoms van die Afrikaner bekommer hy hom nie. Reeds in Julie 1900, met die aanvang van die guerrillafase, teken hy aan dat die Afrikaner wel nie meer teen die vyand kan stand hou soos in die dae van Magersfontein en Colenso nie, maar die

50. H. VER LOREN VAN THEMAAT, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, p. 201.

51. R. DE KERSAUSON DE PENNENDREFF, *Ek en die Vierkleur* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1960), pp. 7, 10 en 11.

52. H. VER LOREN VAN THEMAAT, *Twee jaren in den Boerenoorlog*, pp. 192-193.

vyand kan hulle nie van die vrye Afrikaanse veld afsluit nie: in die vrye veld is en bly die Afrikaner die Engelsman se baas; selfs as die Engelsman die laaste hoekie van die Vrystaat verower het, sal die Afrikaner, omdat hy sy vryheid liefhet, nog ry waar hy wil. “Het land te vermeesteren, zal den Engelschman gelukken – de boeren te overwinnen niet.”⁵³

Teen November 1900 het die beleid van verskroeide aarde die karakter van die oorlog dramaties verander. Maar weer spreek Ver Loren van Themaat die oortuiging uit dat die Afrikaner die meester van die land bly: “Dit voorvaderlike recht kan hem niet ontnomen word, hoe ook de verwoestende krijgsbenden van den vijand het land van zuid na noord, van oost na west doorkruisen. Zwaar rust de ijzeren hand van den overheerscher op vrouwen en kinderen, en het geheele volk zugt onder den druk der tiden, maar hun recht blijft onvervreembaar.”⁵⁴

En dan wanneer die Vrede gekom het, en die Afrikaner sy vryheid verloor het, kom Ver Loren van Themaat met die oortuiging: laat niemand treur of moedeloos word nie, laat niemand sê dat mag nou vir goed bo reg geseëvier het en dat die wêrelgeskiedenis geen regverdigheid ken nie: “stadig, stadig, ou maat, moe nie haastig wees nie, wach een bietje, alles zal rech kom in die land.”⁵⁵

Abstract

A Dutch volunteer with the Boers on commando, 1899-1902: Hendrik ver Loren van Themaat and the Afrikaner

This article examines jurist Hendrik ver Loren van Themaat’s (1874-1966) experiences as a Dutch volunteer in the Boer forces during the Anglo-Boer War of 1899-1902, and more specifically his views on the Afrikaner.

He arrived in Pretoria in December 1899, and subsequently did duty at the head office of the Transvaal Red Cross in Pretoria and in the commissariat on the Natal front, before joining the commandos as a combatant in February 1900. He was a member of Commandant Danie Theron’s Scouting Corps, and accompanied the commandos under General Christiaan de Wet in all three so-called De Wet hunts. At the end of April 1902 he was back in Holland and published his memoirs in Dutch, based on his diary, in the following year.

Aspects that are covered in the article are Ver Loren van Themaat’s views on the Boer leaders, characteristics of the Afrikaner, Afrikaans as a language, and Afrikaner-Dutch relations. Although strongly pro-Boer with a great appreciation of the better qualities of the Afrikaner, he does not shy away from the weaker qualities.

Ver Loren van Themaat was a great believer in the future of the Afrikaner, and he emigrated to South Africa in 1920. He was responsible for laying firm foundations for Constitutional and International Law at the University of Stellenbosch.

53. *Twee jaren*, p. 153.

54. *Twee jaren*, p. 213.

55. *Twee jaren*, p. 354.